# Nasionale Landbou Jeugvereniging

## Reëls en Regulasies

**19 Mei 2025**

## A. REËLS T.O.V. AFSNY DATUMS

**1Augustus, om 12H00** is die afsny datum vir die registrasie van deelname, en betalings vir die Nasionale Kampioenskappe. 1 Julie moet die voorlopige getalle inwees vir die hemp groottes. Geen veranderings en laat inskrywings sal gedoen word na 1 September nie.

***Alle inbetalings mag slegs deur die provinsie gedoen word. Geen inbetalings deur ouers sal aanvaar word nie***

## B. REËLS T.O.V. DIERE

Alle beeste wat ingeskryf word moet 'n geldige (12 maande) BM (Besmetlike Misgeboorte) en TB (Tuberkulose) sertifikaat hê. Varke wat ingeskryf word moet Leptospirose vry wees. Skape en Bokke moet vry wees van inwendige sowel as uitwendige parasiete, sowel as al die ander siektes. Perde moet in besit wees van 'n paspoort of sertifikaat van veearts en alle entings, wat vereis word vir die beweging tussen provinsies, moet reeds inge-ent wees. '**n Getekende sertifikaat van 'n veearts wat bogenoemde vereistes sertifiseer, vir ALLE diere, moet by registrasie ingedien word.** Biosekuriteit moet by elke jeugskou geimplimenteer word. Alle diere waarmee geskou word, moet te alle tye op die skou terrein wees en by die provinsie se stalle staan. Geen diere mag op die terrein toegelaat word na 9 uur die Sondag oggend nie. Alle diere moet deur 'n veearts of veearts tegnikus/kundige op die terrein ondersoek word. Die veearts sal die diere as korrek merk vir skou doeleindes.
**Provinsies moet 1 week voor Nasionaal toesien dat hulle diere se biosekuriteitsdokumente by die Nasionale Voorsitter ingedien word.**

***Gasheer Provinsie moet seker maak van alle veearts vereistes wat daar in die provinsie is en dit deurgee aan die verskillende provinsies* teen die 1 ste Julie.**

## BIOSEKURITEIT

Biosekuriteit moet in plek wees by **elke terrein waar Jeugskou plaasvind**. Dit behels die volgende:
Diere se gesondheidssertifikate moet in plek wees.
Vervoer permitte moet reg wees.
Elke dier se identifikasie moet in plek wees – brandmerk, tatoeëring of oorplaatjies
**Elke dier moet met 'n unieke identifikasie nommer gemerk wees. Dit beteken dat elke dier 'n plaatjie in die oor moet dra, sodat die dier afsonderlik uitgeken kan word van die res van die diere. Die dier se unieke identifikasie nommer word dan ook op die Biosekuriteit dokumentasie ingevul.**
Voor die Nasionale Kampioenskappe moet 'n Veearts die nodige dokumentasie invul en teken wat die diere vergesel, 'n Week voor die kampioenskappe moet al die nodige dokumentasie ingedien word by die Nasionale Voorsitter. Elke provinsie moet ook dokumentasie beskikbaar hê tydens die Kampioenskappe.
Biosekuriteit is 'n landswet en oortreding van die Biosekurteit reëls, sal strafbaar wees. **GEEN DIERE** mag afgelaai word by die terrein van die Nasionale Juegskou Kampioenskappe sonder die korrekte dokumentasie en identifisering nie.

## OUDERDOM VAN DIERE

| | |
|---|---|
| Vleisbeeste (dubbeldoel-rasse) | Ouer as 6 maande – Vroulike diere en Bulle |
| Suiwelbeeste (suiwer melkras) | Verse 6 tot 26 maande |
| Wolskape en dubbeldoel | 6 maande en ouer |
| Vleisskape | 6 maande en ouer |
| Varke | 3 - 6 maande |
| Bokke | 6 maande en ouer |
| Perde | 6 maande en ouer |
| Hoenders | 9 maande en ouer |
| Konyne | 6 Maande en ouer |

Die ouderdom van die dier moet korrek wees soos aangedui in die handleiding. Die ouderdom van die dier sal wees soos op die eerste dag van die maand waarop die betrokke skou gehou sal word.

## BEHEER VAN DIERE

Alle Bulle (Vleisbeeste) moet 'n neusring hê. Alle perde moet van behoorlike halters voorsien word. Alle verse en koeie by Beeste ***moet*** dragtig gesertifiseer word. Indien hulle nie dragtig is nie ***moet*** hulle behandel word om nie bronstig te raak nie(Oestrus) ***Bewys van behandeling moet by registrasie ingedien word.***

## DIERE WAT NIE GESKOU MAG WORD NIE

Geen suiwelbulle, bronstige vroulike beeste, varkbere of burge, hingste, ramme, kapaters of hamels. Geen beeste of melkbokke met horings mag geskou word nie. Merries wat bronstig is moet met ‘n rooi lint in die stert gemerk word. Geen siek diere mag geskou word nie.

## SIEK DIERE

Geen siek dier mag geskou word nie. Indien ‘n dier op die skou sou doodgaan moet hy dadelik verwyder word van die terrein. ‘n Nadoodse ondersoek moet deur ‘n veearts gedoen word om te bepaal wat die oorsaak was en die Skoubestuur moet ingelig word van die uitslag. Die provinsie wie se dier dit is betaal die koste. Waar diere siek is in die ring of waar diere in die ring gaan lê, moet die beoordelaars hulle eie diskressie gebruik. Die beoordelaars se besluit moet net baie duidelik aan die toeskouers en Nasionale bestuur verduidelik word.

## ONHANTEERBARE DIERE

Indien ‘n dier uit die ring hardloop/spring word die dier nie weer toegelaat nie. Wanneer diere vertoonkuns doen en die beoordelaars vra dat die diere gelos word, en die dier spring dan uit sal die beoordelaar hulle eie diskressie gebruik. *Alle diere moet halter-mak wees*. Deelnemers moet ten alle tye hulle dier kan beheer. Indien ‘n deelnemer se dier ander diere ontstig en dit veroorsaak dat diere uitspring, sal die deelnemer en dier wat die diere ontstig het verwyder word uit die ring en die deelnemer sal gediskwalifiseer word. Indien ‘n dier uit die deelnemer se hand ruk en die deelnemer kry weer die dier onderbeheer, kan die deelnemer nog skou.

## C. REËLS TEN OPSIGTE VAN SKOUMANNE OUDERDOM VAN SKOUMANNE

Indien die skouman in die jaar van skou verjaar en 10 jaar oud word, word die skouman ingeskryf as Junior-Junior 10 jaar oud. Skouman wat 19 jaar oud is moet skoolgaande wees.

## NASIONALE KAMPIOENSKAPPE

| | |
|---|---|
| **Junior Junior:** | 7 tot 11 jaar |
| **Juniors:** | 12 tot 15 jaar |
| **Seniors:** | 16 tot 19 jaar |
| **Junior Groep:** | 15 jaar en jonger |
| **Senior Groep:** | 19 jaar en jonger |

Afskrif van geboortesertifikaat met ‘n ID foto van die deelnemer of ID-dokument, asook ‘n vrywaringsbrief moet by inskrywingsvorm, wat deur die Gasheer Provinsies voorsien word, aangeheg word.

## PROVINSIALE SPANNE .

Die kind se adres waar hy/sy bly OF skoolgaan is die provinsie waarin hy/sy mag deelneem tydens ‘n Nasionale Kampioenskap.

## GEDRAGSKODE

Elke deelnemer moet ‘n gedragskode onderteken wat beskikbaar is tydens enige Jeugskou geleentheid wat plaasvind. Tydens die Nasionale Kampioenskappe moet die gedragskodes in die besit van die Spanbestuurder van elke Provinsie wees.

## DEELNAME

Elke individuele skouman mag slegs in **een afdeling** deelneem. Deelnemers kan slegs in die afdeling skou waarin hy/sy as skouman ingeskryf is. **Elke skouman MAG net in een groepsklas deelneem**. Groepsklasse – ‘n Junior individuele skouman mag opgetrek word na die senior groep toe indien die senior groep nie genoeg deelnemers in die spesifieke afdeling het nie. ‘n Junior-Junior individuele skouman mag opgetrek word na die Junior groep toe indien die junior groep nie genoeg deelnemers in die spesifieke afdeling het nie. Groepsklasse - Indien daar nie genoeg deelnemers in die spesifieke afdeling is om ‘n groepsklas te kan doen nie, mag daar van enige van die ander afdelings skoumanne gebruik word. **Dit kan slegs gebeur indien daar nie genoeg skoumanne in die spesifieke afdeling is nie.** Deelnemers mag nie in staties en nie-statiese afdelings deelneem nie.

## STALKNEGTE

Geen stalknegte word toegelaat nie. Indien die eienaar van die diere verteenwoordigers daar wil hê, word dit toegelaat maar die persoon mag glad nie help om diere te versorg, voor te berei of om stalle skoon te maak nie. Indien daar verteenwoordigers, stalknegte of werkers op die terrein is moet hulle duidelik identifiseerbaar wees. So ‘n persoon moet ‘n identifikasie kaart dra met sy/haar foto, naam, eienaar naam en selnr asook van watter provinsie se diere hy/sy daar is.

## KLEREDRAG ( Skouman en Groepsklasse)

Alle deelnemers word verplig om die amptelike pet, hemp en blou (ongebleikte) denim langbroek met ‘n belt (bruin of swart), te alle tye in die voorbereiding en skou-arena te dra. Tydens die was van die Grootvee en Kleinvee, dra die deelnemer geen pet nie. **GEEN DEELNEMERS MET SELFONE, HORLOSIES, OORFONE, KOUGOM, VAPES of JUWELE WORD IN DIE RINGE OF DIE SKOUAREA TOEGELAAT NIE**. **GEEN DEELNEMERS MET GRIMERING WORD TOEGELAAT IN DIE RINGE OF SKOUAREA NIE**. Wit rubberstewels word tydens was, voorbereiding en skou gedra. Die Kulinêre en Suiwelbereiding deelnemers dra wit tekkies (bv iets soos Tommies). Al die ander statiese afdelings dra netjiese bruin skoene. Die Afslaers dra ‘n netjiese blou denim, belt, knopieshemp en netjiese skoene (geen tekkies of rubber stewels nie) Die perde deelnemers dra skoene. By groepsklasse moet die klere eenvormig wees. ***GEEN*** swart rubberskoene en ***GEEN*** oorpakbroeke word toegelaat nie. **HANDSKOENE** word nét in die perdeklasse toegelaat. ***GEEN*** lappies in die broeksak meer tydens skou nie, **<u>behalwe</u>** in die Suiwelbees en Perde afdelings. Hierdie lappies mag nie sigbaar wees nie en moet netjies opgevou in die deelnemer se broeksak wees. Hierdie lappies moet korrek aangewend word, anders gaan die deelnemer punte verloor. Die Suiwelbees deelnemers gebruik die lappie om die bees af te vee nadat sy gemis het. Die Perde deelnemers mag die lappie gebruik indien die perd nies, proes ens en die deelnemer se gesig is vol gemors, mag die deelnemer sy/haar gesig skoonmaak.

## AANMELD VOOR KLASSE

Voor die aanvang van elke klas in die spesifieke afdeling moet die deelnemers 15 min voor die tyd reeds aanmeld by die korrekte area of ring. Die ringgids sal die nommer van die dier kontroleer teenoor die nommer van die deelnemer.

## NOMMER VAN DEELNEMER

Tydens **EKSAMEN en SKOUMAN** dra die deelnemer sy/haar nommer op die **BORS**. Tydens die **WAS EN VOORBEREIDING** dra die deelnemer sy/haar nommer op die **RUG**.

## TROMMELS

Geen Deelnemer name mag op die trommel verskyn nie, maar wel ’n Provinsie se naam mag op die sykant van die trommel wee, Bv Namakwa 1 ens. (Daar raak baie trommels weg en dit sal help met die uitken van trommels)

## VASMAAK VAN DIERE

Lostrek knoop word gebruik vir die vasmaak van diere – Grootvee en Kleinvee. Punte word gegee vir die korrekte knoop by Senior en Junior deelnemers.

## D. REËLS TEN OPSIGTE VAN BEOORDELING VAN GROEPSKLASSE

Die groepsklasse is nie verpligtend nie. ‘n Groep moet bestaan uit 3 skoumanne. Slegs een Junior en een Senior groep per provinsie in grootvee en kleinvee afdelings behalwe varke. **Elke skouman MAG net in een groepsklas deelneem**. ‘n Deelnemer mag net ingeskryf word by ‘n groepdklas as hy/sy individueel wel deelneem. Groepsklasse – ‘n Jonger individuele deelnemer mag in ‘n ouer ouderdom groepsklas deelneem as waarin hy/sy ingeskryf is. Groepsklasse – Indien daar nie genoeg deelnemers in die spesifieke afdeling is om ‘n groepsklas te kan doen nie, mag daar van enige van die ander afdelings skoumanne gebruik word. **Dit kan slegs gebeur indien daar nie genoeg skoumanne in die spesifieke afdeling is nie.** Geen groepsklasse word in varke geskou nie.

## BEOORDELING

Beoordelaars moet vir elke individuele deelnemer sowel as vir elke groep ‘n punt toeken. **By die skouman moet elke deelnemer ‘n <u>INDIVIDUELE PUNT</u> kry. Geen 2 skoumanne kan dieselfde punt in die ring ontvang nie.**

**<u>Hoefdiere</u>**

Beoordeling sal gebaseer word op:

| | Kennis | Was | Voorbereiding | Vertoonkuns |
|---|---|---|---|---|
| Junior Junior | | 30% | | 70% |
| Junior | 20% | 15% | 15% | 50% |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Senior | 20% | 15% | 15% | 50% |

**Pluimvee & Konyne**
Beoordeling sal gebaseer word op:

| | Kennis | Was en voorbereiding | Vertoonkuns |
|---|---|---|---|
| Junior Junior | | 30% | 70% |
| Junior | 20% | 30% | 50% |
| Senior | 20% | 30% | 50% |

**Duiwe**
Beoordeling sal gebaseer word op:

| | Kennis | Voorbereiding voor skou | Vertoonkuns |
|---|---|---|---|
| Junior Junior | | 30% | 70% |
| Junior | 20% | 30% | 50% |
| Senior | 20% | 30% | 50% |

**Kulinêre Kuns**
Beoordeling sal gebaseer word op:

| | Kennis | Voorbereiding | Vervaardiging | Finale Produk |
|---|---|---|---|---|
| Junior Junior | | 10% | 40% | 50% |
| Junior | 20% | 10% | 30% | 40% |
| Senior | 20% | 10% | 30% | 40% |

**Suiwelbereiding**
Beoordeling sal gebaseer word op:

| | Kennis | Voorbereiding | Vervaardiging | Finale Produk |
|---|---|---|---|---|
| Junior Junior | | 10% | 40% | 50% |
| Junior | 20% | 10% | 30% | 40% |
| Senior | 20% | 10% | 30% | 40% |

## PLASING

Die beoordelaar doen die eerste 5 plasings in die ring vir SKOUMAN. Die skouman ontvang dan 'n roset. Die finale plasing word bepaal deur die totale punte. Indien deelnemers gelyk eindig met totale uit 100 word die een met hoogste vertonerspunt eerste geplaas. Die grootvee, kleinvee, staties, entrepreneur en Kombuis trofee, word net die Jnr en Snr deelnemers inaggeneem. *Alle rosette en medaljes is onderhewig aan appellering.*

## TYE

Daar mag nie aan die tye van klasse, soos in die program aangedui is, verander word sonder die Gasheer Provinsie of Skoubestuur se toestemming nie. Sorg dat jy altyd betyds is vir jou spesifieke klasse. Meld 15 minute voor die aanvang van 'n klas aan, sodat die ringgids kan kontroleer dat al die deelnemers reg is vir die klas. As die ringhek toe is, word dit nie weer oopgemaak nie. **Beoordeling begin sodra die skouman die ring binnegaan en eindig met plasings deur die beoordelaar.**

## DEEL VAN DIERE

Junior Junior, Junior en Senior kan 'n dier deel. Deel diere moet gemerk wees. Indien diere gedeel word moet deelnemers bewus wees dat diere weer vuil gemaak gaan word.

## WAS VAN DIERE

**GEEN BEOORDELAARS MAG AAN DIE ORDE VAN WAS AAN DIE DIERE VERANDER NIE**. Diere word gewas soos bepaal word in die handleiding van elke afdeling. Diere wat skoon na die wasarea gebring word vir beoordeling, sal gediskwalifiseer word. Diere mag skoongemaak word tot en met 14H00 die dag voor die aanvang van die toernooi (Sondag). Slegs ‘n halter en tou mag gebruik word om diere vas te maak vir was en voorbereiding. Dieselfde dier moet gebruik word vir was, voorbereiding en skouman deur dieselfde deelnemer. By grootvee en kleinvee word die hele dier gewas, al word die dier gedeel. Alle diere kan vuil gemaak word voor hulle die ring binnegaan.

**Droë was**: Dit is ‘n mondelinge, stap vir stap beskrywing van die volle wasproses van die dier. ‘n Deelnemer kan gevra word om ‘n droë was te doen indien omstandighede dit vereis. Die beoordelaar saam met die Skoukommitee sal besluit of dit gebruik gaan word.

## Tyd vir was: Grootvee en Kleinvee

**Junior-Juniors 35 minute**
**Juniors 30 minute**
**Seniors 25 minute**

## VOORBEREIDING VAN DIERE

Slegs Juniors en Seniors doen voorbereiding. Diere kan skougereed (geskeer en hoewe geknip) by skou arriveer. Diere moenie 1 maand voor die Nasionale Kampioenskappe voorberei word nie – veral kleinvee. Kleinvee diere word vooraf geskeer behalwe die dele wat gedoen moet word tydens voorbereiding. Ander voorbereiding word wel beoordeel. Vooraf voorbereiding kan lei tot diskwalifikasie. By kleinvee doen die Junior voorbereiding op die **LINKERKANT** van die dier en die Senior die **REGTERKANT** *al word die dier gedeel of nie gedeel nie.* Beoordeling vir Juniors is links en Seniors is regs. **GEEN BEOORDELAARS MAG AAN DIE VOORBEREIDING ORDE VERANDER NIE**. Grootvee word voorbereiding op die hele dier gedoen.

## Tyd vir voorbereiding:

**GROOTVEE (Vleisbees, Suiwelbees en Perde) – Juniors 20 minute en Seniors 15 minute**
**KLEINVEE (Skape en Bokke) – Juniors 25 minute en Seniors 20 minute**
**VARKE – Juniors 10 minute en Seniors 10 minute**

## RUIL VAN DIERE TYDENS SKOUMAN

**GEEN** diere mag geruil word nie. Indien die beoordelaar dit nodig vind om diere te ruil, dan moet dit gemotiveer word tydens die aankondiging. **GEEN Junior-Junior DEELNEMERS MAG DIERE RUIL NIE.**

## VOLGORDE

Skoumanne moet die ring volgens katalogus nommers ingaan. Die ringgids sal die deelnemers in volgorde die ring laat binne gaan sodra die beoordelaars gereed is.

## KENNIS

Daar moet in dié klas onderskei word tussen ouderdomsklasse van deelnemers. GEEN DEELNEMER sal toegelaat word om die eksamenlokaal binne te gaan sonder die korrekte kleredrag (geborgde hemp van Nasionaal, Denim en skoene) en **skounommer** nie. **GEEN SELFONE, HORLOSIES, BAADJIES, SAKKE, OORFONE, KOUGOM, VAPES, JUWELE of DEELNEMERS WAT GRIMERING DRA** word in die Eksamenlokaal toegelaat nie. Die deelnemer kan slegs ‘n pen in die eksamenlokaal in vat.

6 – 11 jaar Geen Toets
12 - 19 jaar Skriftelike Eksamen

20% van die vraestel bestaan uit algemene kennis van die afdeling waarin die deelnemer skou.

## E. ALGEMENE SKOUREËLS

## ALLE DOOIE DIERE

Indien ‘n dier sou doodgaan gedurende die skou moet die dier so gou as moontlik van die skouterrein af verwyder word en na ‘n veearts geneem word vir ‘n nadoodse ondersoek. Die nadoodse verslag moet by die skoukommitee ingehandig word.

## VLEISBEESTE

Vleisbees se skoumanne loop vorentoe. Vleisbeeste beweeg vinniger in die ring. Daar word altyd kloksgewys in ‘n ring geloop. Daar word altyd aan die bees se linkerkant geloop en nie voor of aan die regterkant nie. ‘n Halter moet van ‘n leiriem en kenketting voorsien wees. Skoustok is nie verpligtend nie. Indien ‘n vleisbees met ‘n skoustok geskou word moet die stok “spaarsamig” gebruik word. As ‘n skouman nie met ‘n skoustok skou nie, word die dier se halter gebruik om hom vorentoe of agtertoe te laat staan. ‘n Vleisbees se voete is altyd blokvormig gespasieer as die dier stilstaan.

## SUIWELBEESTE

Suiwelbeeste se skoumanne loop agteruit. ‘n Suiwelbees se agterbene is uitmekaar sodat die beoordelaar die uier kan waarneem as die dier stilstaan. Skouman gebruik die dier se halter om dit vorentoe of agtertoe te laat gaan. Die skouman mag ook sy voete gebruik om die voorvoete reg te plaas. Die vers se kwas word in die was area gevleg en eers in die Voorbereiding area losgemaak.

## PERDE

Die Perde Afdeling word in 2 gedeel, nl. Perde en Miniatuur Perde. Dit gaan vir 2025 ’n proef wees en sal daarna ’n finale besluit geneem word. Die gewone perde en miniatuur perde gaan saam beoordeel word tydens was, voorberei en skouman. Die punte van die gewone perde en die miniatuur perde gaan apart toegeken word. Geen helpers word toegelaat in die ring nie. Perde word slegs aan die hand vertoon en word beoordeel volgens die heersende rasstandaarde. Perde word geskeer volgens rasstandaarde. Geen skêre mag gebruik word by voorbereiding van die perd nie. Perde moet, links en regs om, die driehoek toetse kan doen. Die beoordelaar gee bevele aan die deelnemer om uit te voer in die ring.

## WOLSKAPE

Die wollengte moet 45 tot 150 mm wees tydens die Nasionale Kampioenskappe. Dubbeldoel skape wat in die klas gebruik word, moet aan wol reëls voldoen. Hoewe moet geknip wees voor die skou. **GEEN SEEP** word toegelaat by **WOLSKAPE NIE**. Die deelnemer moet weet hoe om die wol te vertoon aan die beoordelaar. Die deelnemer moet die tande van die skaap aan die beoordelaar kan vertoon. Deelnemer moet kennis hê van wol. Deelnemer moet weet hoe om die wolskaap te vang tydens vertoonkuns.

## VLEISSKAPE

Vleisskape moet geskeer wees. Hoewe moet geknip wees voor die skou. **GEEN DUBBELDOEL SKAPE WORD TOEGELAAT NIE**. Vleisskape word in posisie geplaas deur die dier voor op te tel en die agterpote word reg getrap. Deelnemer moet weet hoe om die vleisskaap te vang tydens vertoonkuns. Die deelnemer moet weet hoe om die dier se tande aan die beoordelaar te vertoon. GEEN SNOEISKêR/WOLSKêR/HOEFSKêR word toegelaat by die afdeling nie.

## VESELBOKKE

Veselbokke mag nie geskeer wees nie. Minimum vesel lengte van 45 tot 150 mm moet op die bok wees tydens die Nasionale Kampioenskappe. Veselbokke mag nie aan albei horings getrek word nie, dit kan afbreek. Deelnemer moet weet hoe om die veselbok te vang tydens vertoonkuns.

## MELKBOKKE

Melkbokke word vooraf geskeer. Melkbokke word hanteer en gestuur met die ketting om die. Melkbokke loop in lyne soos bepaal deur die beoordelaar. Die deelnemer loop aan die linkerkant as die ring binne gegaan word en loop kloks gewys. Daarna kan die deelnemer links of regs om loop afhangende van die beoordelaar se instruksies.. Melkbokke se voor, agter en sye word nie gedraai en vertoon soos ander kleinvee nie. Tydens die lyne kan die beoordelaar alles sien. NB In die handleiding is ‘n duidelike verduideliking wat gevolg moet word wanneer die beoordelaar die deelnemer versoek om te stop.

## VLEISBOKKE

Vleisbokke word voor die skou gekam. Hoewe word voor die skou geknip. Vleisbokke mag nie aan albei horings getrek word nie, dit kan breek. Die vleisbok word gelos tydens vertoonkuns en die deelnemer moet weet hoe om die bok weer te vang. As vleisbokke uit die ring (1.2M) spring is hy onbeheerbaar.

## VARKE

Krale mag nie in die son wees nie. Deelnemers vertoon hulle diere met die hulp van ‘n kierie of spane. Hierdie kierie en spane moet so gebruik word dat die vark te alle tye sigbaar is vir die beoordelaar. Varke moet verskieslik op ‘n soliede oppervlakte gewas, voorberei en geskou word. Geen olie en spirits word op varke gebruik nie.

## STATIESE AFDELING – KONYNE, DUIWE, PLUIMVEE EN WATERVOëLS

Deelnemers doen alles in geslote kompleks. Hulle dra denim en netjiese bruinskoene.. Die beoordelaar bepaal die orde waarin die was, voorbereiding en skouman plaasvind. In hierdie afdelings moet elke deelnemer met sy/haar eie dier skou en geen diere mag gedeel word nie. Die gasheer provinsie bepaal die tydskedule.

## AFSLAERS

Toeskouers word toegelaat. Slegs die aangewese persone mag 'n aanbod maak tydens die veiling. Deelnemers in die afdeling word beoordeel in 4 gedeeltes, nl. kennis eksamen, die opveil van 'n statiese dier, kleinvee en grootvee.
Indien die deelnemer nie die opleiding bywoon nie, mag so 'n deelnemer nie verder in die afdeling kompeteer nie. Juniors (12-15 jaar) en Seniors (16-19 jaar) mag in hierdie afdeling deelneem. **GEEN Junior-Junior DEELNEMERS NIE**. Dra 'n netjiese denim, knopies hemp, belt en netjiese skoene.

## FOTOGRAFIE

Kan selfone of kameras gebruik om foto's te neem. Die foto's word op die terrein tydens die skou beoordeel. Fotografie deelnemers sorg vir hulle eie toerusting wat gebruik gaan word soos 3-poot ens. Fotografie deelnemers moet identifikasie dra. In fotografie is daar nou 2 afdelings – Selfoon afdeling en Kamera Afdeling. Elke provinsie kan maw 3 senior skoumanne in die kamera afdeling inskryf en ook 3 senior skoumanne in die selfoon afdeling inskryf. Dieselfde geld ook vir die junior skoumanne. Die junior-junior skoumanne kan net in die selfoon afdeling deelneem.

## KULINêRE KUNS & SUIWELBEREIDING

Geen ouers sal in voorbereidingslokale toegelaat word nie. Geen selfone word in die lokaal toegelaat nie. Geen produkte mag uit die lokaal verwyder word voordat die beoordelaar nie toestemming gegee het nie. Wit voorskote(sonder enige logo's) en 'n haarnet moet gedra word. Alles – produkte, versiering ens moet SONDAG by die korrekte lokaal soos aangewys deur die Gasheer Provinsie ingedien word.

Deelnemers aan die klasse moet self die produkte op die skou maak en sal daarop, asook op die finale produk, beoordeel word. Deelnemers moet hul eie toerusting saambring vir die maak en verpakking van die produkte, asook versiering van tafels. **Slegs wit eetgerei d.w.s. grootbord, kleinbordjie, koppies en pierings wat deur die gasheer provinsie voorsien word mag gebruik word. Die lys van items wat in die handleiding verskyn is net 'n riglyn.**

## PUNTE

Volledige puntestate moet so spoedig moontlik na afloop van die Kampioenskappe aan elke Provinsie gestuur word. Die beoordelaar plaas die eerste 5 deelnemers en ken punte toe soos uiteengesit vir elke individuele deelnemer.

## ADVERTENSIES

Vertoners sal toegelaat word om stoetname en ander advertensiemateriaal **alleenlik** by hulle stalle te vertoon.

## OUERS/ONDERSTEUNERS

Ouers/ondersteuners en raadgewers se bystand word nie toegelaat op **enige** stadium gedurende deelnemers se deelname nie. Ouers/ondersteuners mag nie van buite die ring die deelnemer help met tekens, woorde ens nie. Geen ouers/ondersteuners mag help met die was die diere voor die skou begin nie. Elke Provinsiale Voorsitter moet vooraf sorg dat ouers hulle vergewis van wat in die Reëls en Regulasies van die Nasionale Jeugskou staan. Deelnemers kan onmiddelik gediskwalifiseer word en ouers/ondersteuners kan versoek word om die terrein te verlaat indien iemand hom/haar skuldig maak hieraan.

## AFRIGTERS

Een afrigter per agt deelnemers word toegelaat. Afrigters moet die voorgeskrewe Afrigter beleid toepas en daarvolgens optree te alle tye. In sekere gevalle kan die beoordelaar/s die hulp van afrigters benodig in ringe, maar die beoordelaar/s sal dit duidelik aan die toeskouers verduidelik.

## F. ALGEMENE REëLS

1. Geen selfone, oorfone, horlosies, juwele, kougom of vapes mag deur deelnemers gebruik word tydens die eksamen, was, voorbereiding of skouman nie. Geen deelnemers met grimering sal toegelaat word nie. Dieselfde geld ook in die Statiese, Kulinêre en Suiwelbereiding afdelings
2. GEEN ALKOHOL GEBRUIK/MISBRUIK in die openbaar nie. Geen alkohol gebruik/misbruik gaan op die terrein toegelaat word nie. Baie Nasionale Kampioenskappe vind op skoolterreine plaas en dan moet die skool en die

Departement van Onderwys se reëls gevolg word. Indien enige persoon hom/haar skuldig maak aan alkohol misbruik sal so ‘n persoon van die terrein verwyder word.

3. Gedragskodes moet deur elke Deelnemer, Afrigter, Ouer en Ondersteuner onderteken word. Dit is om te verseker dat almal weet wat in die Reëls en Regulasies staan en dit sal onderhou.
4. Sokkies kan vir die provinsies gehou word, maar dit moet in ‘n geslote kompleks plaasvind, soos ‘n saal of klas.
5. Nasionale fotograwe en Plaas Media fotograwe word toegelaat om binne die ringe en komplekse in te gaan. Hulle mag egter nie die deelnemers pla nie. Hierdie fotograwe sal identifikasie dra. **GEEN ANDER FOTOGRAWE WORD TOEGELAAT NIE.**

## G. PROSEDURE VIR APPELERING

1. Die klag word ingedien by die Dagbestuur van die Nasionale Jeugskou. Enige persoon kan appelleer met die nodige bewyse.
2. Die klaer vul ‘n vorm in wat al die besonderhede bevat van die oortreding.
3. Die saak word dan ondersoek en die hulp en bystand van die Provinsiale Verteenwoordigers, Spanbestuurders of Afrigters van die provinsies kan bekom word.
4. Appel moet voor 9 uur die dag na die oortreding by die Dagbestuur ingedien word. Die Woensdag se Appelering moet voor 12 uur aangemeld word.
5. Indien daar probleme is na die prysuitdeling, word die volgende prosedure gevolg:

Die provinsiale voorsitter word in kennis gestel van die probleem. Die voorsitter stel die dagbestuur in kennis. Die dagbestuur ondersoek die saak en gee terugvoer aan die provinsiale voorsitter wat dit dan aan die klaer sal deurgee. GEEN ouer kontak die gasheer provinsie of die skoukommittee direk nie. 48 uur na die punte beskikbaar gestel is, moet appelering deur die Provinsie aangemeld word. Die punte moet so spoedig moontlik na afloop van die skou aan die provinsies beskikbaar gestel word.

## H. KLASSE

| **BEESTE** | |
|---|---|
| **Kategorieë** | |
| **SUIWEL** | **VLEIS & DUBBELDOEL** |
| **Klasse** | |
| Teoretiese eksamen | Teoretiese eksamen |
| Was van dier | Was van dier |
| Voorbereiding voor skou | Voorbereiding voor skou |
| Skouman | Skouman |
| Groepsklasse | Groepsklasse |

| **SKAPE** | |
|---|---|
| **Kategorieë** | |
| **VLEISRASSE** | **WOLRASSE** |
| **Klasse** | |
| Teoretiese eksamen | Teoretiese eksamen |
| Was van dier | Droë was van dier |
| Voorbereiding voor skou | Voorbereiding voor skou |
| Skouman | Skouman |

| | |
|---|---|
| Groepsklasse | Groepsklasse |

| **BOKKE** | | |
|---|---|---|
| **Kategorieë** | | |
| **Vleisrasse** | **Veselrasse** | **Melkrasse** |
| **Klasse** | | |
| Teoretiese eksamen | Teoretiese eksamen | Teoretiese eksamen |
| Was van dier | Droë was van dier | Was van dier |
| Voorbereiding voor skou | Voorbereiding voor skou | Voorbereiding voor skou |
| Skouman | Skouman | Skouman |
| Groepsklasse | Groepsklasse | Groepsklasse |

| **Kategorieë** | |
|---|---|
| **VARKE** | **PERDE** |
| **Klasse** | |
| Teoretiese eksamen | Teoretiese eksamen |
| Was van dier | Was van dier |
| Voorbereiding voor skou | Voorbereiding voor skou |
| Skouman | Skouman |
| ***GEEN groepsklasse*** | Groepsklasse |

| **Kategorieë** | |
|---|---|
| **PLUIMVEE** | **KONYNE** |
| **Klasse** | |
| Teoretiese eksamen | Teoretiese eksamen |
| Voorbereiding voor skou | Voorbereiding voor skou |
| Eie Inskrywings – eie dier gebruik | Eie Inskrywings – eie dier gebruik |
| Skouman | Skouman |

| **Kategorieë** | |
|---|---|
| **WEDVLUGDUIWE** | **SIERDUIWE** |
| **Klasse** | |
| Teoretiese eksamen | Teoretiese eksamen |
| Voorbereiding voor skou en Skouman | Voorbereiding voor skou en Skouman |

| Kategorieë | |
|---|---|
| **KULINÊRE KUNS** | **SUIWELPRODUKTE** |
| **Klasse** | |
| Teoretiese eksamen | Teoretiese eksamen |
| Voorbereiding en Vervaardiging | Voorbereiding en Vervaardiging |
| Voorsit van Produk | Voorsit van Produk |
| Produk | Blinde Proe |
| **Produkte** | |
| Soos voorgeskryf | Soos voorgeskryf |

## AFSLAERS

Teoretiese eksamen
Opleiding - verpligtend
Opveil van Statiese dier – Konyne, Pluimvee of Duiwe
Opveil van Kleinvee – Skape, bokke of Varke
Opveil van Grootvee – Beeste of Perde
Opveil van ‘n Stoet dier

## FOTOGRAFIE

Teoretiese eksamen
Opleiding – verpligtend
Neem van verskillende foto’s vir beoordeling, soos bepaal word deur die beoordelaar.

## PENALISASIE

Penalisasie verwys na die handeling om ’n skouman te straf vir ’n oortreding. Dit is stappe wat geneem word om wangedrag te voorkom. Die handleidings voorsien sekere prosedures wat nagekom behoort te word. Indien dit nie gebeur nie, kan skoumanne gepenaliseer word.
Deelnemer word met -5 punte per oortreding gepenaliseer.
Waar provinsies oortree word hulle met -10 punte gepenaliseer.

## DISKWALIFIKASIE

Diskwalifikasie verwys na die optrede om onbevoeg verklaar te word of uitgesluit te word van deelname aan ’n kompetisie, geleentheid of aktiwiteit as gevolg van die oortreding van ReëLS EN REGULASIES. Diskwalifikasie het ten doel om regverdigheid, integriteit en die gees van mededinging te handhaaf deur persone aanspreeklik te hou vir hul optrede.
Enige oortreding wat voortspruit uit die Reels en Regulasies sal as ‘n onmiddelike diskwalifikasie hanteer word.